

Die Handeling van die Apostels: Jesus vaar op na die hemel (Hand 1:6-12) – Francois Malan

1:6 Toe hulle bymekaar was (*sunerchomai*) – die tydaanduiding skakel aan by vers 4 ‘terwyl hulle bymekaar was’ (*sunalizō*). Albei aanduidings is nie baie spesifiek of dit die laaste dag of reeds vroeër was nie, maar altwee verwys na Jesus en sy apostel-groep wat die vroue en sy broers insluit (1:14). Hulle spreek Jesus aan as Here (*kurios*) en vra of Jesus in hierdie tyd ná sy opstanding weer **die koninkryk vir Israel** gaan oprig (*apokathistēmi* om te herstel, om te verander tot ’n vroeëre goeie toestand, soos in die Griekse vertaling van Maleagi 4:6). Hulle dink duidelik aan die tyd van Dawid en Salomo, voor die splitsing van die ryk, toe Israel op sy hoogtepunt was en die grootste gebied beheer het. Die Israel van Jesus se tyd het die herstel van daardie goeie tyd verwag, van ’n messias/gesalfde soos Dawid (vgl. Luk 24:21; en 17:10; 3:15; Matt 20:21). Vir die groepie volgelinge van Jesus beteken hulle vraag egter meer as dit. Die vroeë kerk het geworstel met die vraag oor die nabyheid van die wederkoms van Jesus, en of God se koninkryk slegs vir Israel bedoel is.

1:7

Jesus se antwoord behels drie sake: eerstens die absolute **vrymag van God die**

Vader, sy seggenskap oor sy hele skepping (vgl. Luk 12:5; Rom 9:18-23; Judas

vers 25; Openb 16:9). Tweedens: Die Vader bepaal die **tye en geleenthede**

voor die finale oordeelsdag en van die dag vir die herstel van

alles in sy
skepping (*chronos* 'tyd' en *kairos* 'geleentheid' beteken
albei onbepaalde tyd en geleentheid, wat bepaal word deur die
verband waarin
dit gebruik word). Die dubbele uitdrukking 'tye en
geleenthede' verwys na die
volheid van tyd in elke opsig. Mark 13:32 niemand anders as
die Vader bepaal en
ken die tyd nie, ook nie die engele en selfs nie die Seun nie;
vgl. 2 Petr
3:7-13). God bepaal die toekoms vir elkeen, van oomblik tot
oomblik (Ps 31:16
'my tye is in u hand').

1:8

Derdens open Jesus sy dissipels se eng nasionalisties-
godsdienstige denke vir
sy sending die wye wêreld in. Begin by Israel (Jerusalem),
maar dit is die
beginpunt vir die verspreiding van die evangelie tot aan die
einde van die
wêreld (vgl. Jesaja 49:6 se 'uithoeke van die aarde'; Luk 2:32
se 'lig vir die
nasies'; Hand 3:25 verwys na Genesis 12:3 se 'al die volke van
die aarde').

Alles

wat Jesus se volgelingen doen, waarvan Handeling 1:1-8 verder gaan
vertel, is
ondenkbaar sonder die leiding en krag van die Heilige Gees.
Alles wat hulle
gaan sê en doen word saamgevat in die woord '**my getuies** (*mou
martures*).'

As getuies van Jesus stel hulle hulleself bekend (die
dissipels: Hand 2:32;

3:15; 5:32; 10:39,41; 13:31; Paulus: 22:15 en 26:16 en Stefanus: 22:20). In hierdie vers gee Jesus opdrag aan al sy volgelinge om sy sendelinge te wees (soos in Mattheus 28:18-20). Hulle wêreldsending is God se gawe aan hulle saam met die ontvangs van die Heilige Gees (Jes 32:15: die Gees sal van Bo af – van God af – op ons uitgestort word). Die Heilige Gees is die krag van God wat hulle vir hulle taak in die wye wêreld ontvang. Hy is die krag wat hulle getuienis oor Jesus dra.

Die boek word ook breedweg volgens hierdie opdrag van Jesus **ingedeel**: eers die getuienis aan die Joodse volk in Jerusalem en Judea, hoofstukke 1-7; dan aan die gemengde bevolking van Samaria, hoofstuk 8; en dan die heidenwêreld waarvan Rome die hoofstad was, hoofstukke 9-28. So het die Heilige Gees hulle gelei en hulle getuienis gebruik om baie mense te oortuig. Jesus gaan nie die koninkryk vir Israel herstel, soos hulle gevra het nie. Hulle gaan die nodige krag ontvang met die koms van die Heilige Gees oor hulle (soos die Heilige Gees oor Maria gekom het; Luk 1:35), en hulle sal getuies van God se Gesalfde Koning Jesus in die ganse wêreld wees. So lyk Jesus se program vir God se koninkryk.

In Luk 24:51 het Lukas reeds geskryf dat Jesus in die hemel opgeneem is terwyl Hy die dissipels seën. In Matteus 28:18 het Jesus gesê dat God aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee het. Voor die Sanhedrin het Hy al getuig: 'van nou af sal die Seun van die Mens aan die regterhand van God die Magtige sit' (Luk 22:69). Hier in Handeling beskryf Lukas wat die dissipels van Jesus se hemelvaart gesien het (*blepō*). Luk 24:51 noem net dat Hy in die hemel opgeneem is. Die ander Evangelies vertel nie van die **hemelvaart** nie. Hand 1.:9-11 verwys 5 keer na 'sien.' 'Stip aanky' is 'n gunsteling uitdrukking van Lukas. Van die 14 keer wat dit in die Nuwe Testament voorkom is 12 keer in Lukas se twee werke. Dit wys na die intensiteit van die dissipels se kyk na die hemel. 'Na die hemel' word viermaal gebruik in verse 9-11 as beklemtoning van waarheen Jesus gegaan het. Die woord 'hemel' *ouranos* word gebruik vir (i) die lug, die uitpansel (Hand 2:5 elke nasie onder die hemel); (ii) waar God en die engele is (Luk 11:13 die hemelse Vader); (iii) hemele in plaas van God, omdat die Jode nie die Naam van God wil misbruik nie (Luk 15:18,21 'Pa, ek het gesondig teen die hemel en in u oë'). Hier staar die dissipels die lug in, maar Jesus gaan waar God en die engele is. Ps 139:7-9 beskryf God as alomteenwoordig. Jesus stap hier oor na die onsienlike vir die mens (Kol 1:15), verheerlik by die Vader, met die heerlikheid wat Hy by

die Vader gehad
het voordat die wêreld bestaan het (Joh 17:5).

Sy

hemelvaart beteken dat die verhoogde Christus oor en in die werke van die apostels

regeer. Dat 'n wolk Hom opgeneem het van hulle oë af, beteken dat God Hom 'uit

hulle gesig' (*apo tōn ofthalmōn autōn*) weggeneem het na Hom toe. Wolke

is in die Bybel die teken van God se teenwoordigheid (Luk 9:34-35; Eks

13:20-21; 16:10; 19:9; 24:15-18; 34:12; 40:34-38; 1 Kon 10:8-12). Sy hemelvaart

is die geskiedenis van **Jesus se opname in die alomteenwoordigheid van God.**

Sy onaanskoulike troonsbestyging is soos sy onaansienlike geboorte in 'n stal

(vgl die beskrywing van die onaansienlike gestalte van die Dienskneg van die

Here in Jes 52:14; 53:2). 'n Wolk, as teken van God se teenwoordigheid, neem

Hom, wat aan die ander wêreld behoort, weg uit die gesig van die mense van

hierdie wêreld. Dit is die nuwe bedeling. In Joh 20:29 het Jesus gesê: Geseënd is

hulle wat (Hom) nie gesien het nie en tog geglo het.

1:10 Terwyl die dissipelgroep nog stip gekyk het (*atenizō*)

na die hemel waarheen Hy gegaan het, 'kyk!' (*idou* let op!) twee mans in

skitterende klere het reeds voor hulle gestaan waar Jesus enkele oomblikke

tevore nog gestaan het (*leukos* skitterend, glansend of wit).

Dit is soos

die twee mans in blink klere wat ná Jesus se opstanding by die vrouens gestaan het toe hulle die Sondagmôre verward by die leë graf gestaan het (Luk 24:4). **Engele** verskyn veral op kritieke punte in die heilsgeskiedenis, soos by Jesus se geboorte, sy opstanding en sy hemelvaart. Gewoonlik een engel (Hand 5:19; 8:26; 10:3; 12:7; 27:23); maar hier en met sy opstanding twee engele as twee getuies ter bevestiging en versekering van die egtheid van boodskappe waaroor mense maklik twyfel (vgl. Deutr 19:15; 1 Tim 5:19). Soos die wolke is die engele se glansende klere aanduidings van die teenwoordigheid van die goddelike heerlijkheid. So het Moses en Elia op die berg in glansende heerlijkheid by Jesus verskyn (Luk 9:31).

1:11

Die dissipels staar (*blepō*) so na die hemel en word eers bewus van die twee manne wat voor hulle staan toe die mans met hulle praat. Hulle word as **Galileërs** aangespreek (vgl Hand 2:7). Dit wys dat die engele hulle ken en skep vertrou. Hoe hulle as getuies van Jesus gaan doen word in die hemel dopgehou (vgl. 1 Petr 1:12). Van Jesus se apostels weet ons net van Judas Iskariot, 'man van Keriot' (moontlik Keriyōth-chezrōn van Jos 15:25 in die suide van Judea), wat nie 'n Galileër was nie.

Die

engele vra 'n bietjie verwytd: waarom staan julle starende (*blepontes*)

na die hemel? Die dissipels verstaan die hemelvaart van Jesus wel as 'n finale

afskeid. Die engele wys egter dat dit 'n vingerwysing na die wederkoms van

Jesus is: 'Hierdie Jesus sal netso terugkom, op dieselfde wyse as wat julle Hom

na die hemel gesien (*theaomai* aanhouaandagtig dophou) weggaan het.' Daarmee word in die eerste plek gedink aan die **wolk** as aanduiding

van die volkomeheid van God se teenwoordigheid, soos Jesus vir hulle gesê

het: 'En dan sal hulle die Seun van die

Mens sien kom in 'n wolk met krag en groot heerlikheid' (Luk 21:27, soos in

Dan. 7:13 'daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n seun van 'n

mens).

Daar word niks gesê van wanneer Hy sal terugkom nie. Dit is nie vir die mens om die spesifieke tye en geleenthede te ken wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie (Hand 1:7; vgl. Mark 13:32). Maar ons weet dat die wêreld nie doelloos voortgaan nie, maar 'n verloop van 'n geskiedenis en 'n toekoms het wat die hele skepping raak, met Jesus aan die regterhand van God as die Regter en Here wat oor alles regeer (Luk 22:69). Hy sal weer uit sy goddelike onsigbaarheid te voorskyn tree vir die **finale oordeel** wanneer almal voor die Seun van die Mens sal staan (Luk 21:36). Daarom is die kerk geroep om orals, tot aan die einde van die aarde (Hand 1:8), te getuig van die redding deur God se genade wat Jesus berei het vir elkeen wat in Hom glo (Hand 4:12; 10:43; 16:31). 1:12 Die groepie volgelingen reageer op die engele se belofte van Jesus se wederkoms en Jesus se opdrag in 1:4 om in Jerusalem

te gaan wag op die Vader se belofte. Hulle kom terug van die westehang van die **Olyfberg** af, waar Jesus die week voor sy kruisiging ook snags geslaap het, en waar Hy in gebed was toe Hy die nag gearresteer is (Luk 21:37; 22:39). Sagaria 14:4 plaas die oordeel op die dag van die Here op die Olyfberg. Die plek van die hemelvaart word aangegee as 'n Sabbatsreis vanaf Jerusalem, dus ongeveer 1 km, en verskil van Luk 24:50 wat die hemelvaart aangee as 'tot by Betanië' aan die oostehang van die Olyfberg, ongeveer 3 km van die stad af. 'Tot by' kan egter ook met 'in die rigting van' vertaal word. Die huidige Hemelvaartkapel staan aan die westekant van die Olyfberg in die rigting van Betanië, maar naby die ou Jerusalem. Die apokriewe brief van Barnabas (hoofstuk 15:9) wat ongeveer 130 n.C. geskryf is, plaas die hemelvaart op 'n Sondag. Die tradisionele kerklike viering van hemelvaart op 'n Donderdag tel 40 dae inklusief van die opstandingsondag af, hoewel die getal 40 simbolies kan wees van 'n lang tyd.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Spreek in tale – Hermie van Zyl

Jan vra:

Op die Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is, sê Hand 2:5: “En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.” Die getal is

ongeveer 16 verskillende tale. En hulle het gehoor hoe die ontvangers van die Heilige Gees elkeen in sy “eie taal” spreek oor die groot daad van God. “Is almal wat daar spreek dan nie Galileërs nie” (vers 7).

As die toeskouers dan in Jerusalem gewoon het, hoekom sou hulle nie Hebreeus as taal gehad het nie en hoe het dit dan gebeur dat soveel tale betrokke kon wees as hulle hulself van die vreemdetaal-praters distansieer met die woorde: “Is hulle wat daar spreek dan nie Galileërs nie?”

Dan kom Paulus in 1 Kor 12 en hy noem allerhande tale en uitleg van tale as deel van die gawes van die Heilige Gees. In hoofstuk 14 moedig hy die mense aan om liever te profeteer want hy wat in ‘n taal spreek, spreek nie tot mense nie want niemand verstaan dit nie maar deur die Gees spreek hy verborgenhede tot God. Iemand wat in ‘n taal spreek stighomself, behalwe as hy dit wat gesê is, kan uitleg.

Dan sê Paulus verder in vers 18: “Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal”.

By die uitstorting van die Heilige Gees praat die ontvangers in bekende tale, maar in Paulus se konteks praat hy ‘n taal wat net deur God verstaan kan word.

Was die hoorders destyds besoekers aan Jerusalem om daar te gaan aanbid of het hulle daar gebly soos aangedui? Hoe bring mens die verskil in tale bymekaar, met ander woorde bekende tale en ‘n taal wat net deur God verstaan kan word?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die sogenaamde spreek intale is een van die tekens of manifestasies van die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag in Jerusalem. Die ander tekens was: Die skielike gedruis soos van 'n sterk stormwind, en tonge soos van vuur wat bo elkeen sigbaar was. Al hierdie begeleidende tekens van die uitstorting van die Gees het 'n ryk agtergrond vanuit die Ou Testament. Wat wind betref: Dit is meermale in die Ou Testament 'n teken van die teenwoordigheid van God (vgl 2 Sam 5:24; Ps 104:4). Die woord vir "wind" en vir "Gees" is in die oorspronklike Grieks dieselfde, naamlik *pneuma*. Dis daarom geen wonder dat Johannes 3:8 die werk van die Gees met die wind vergelyk nie. En vuur: Ook dit is in die Ou Testament 'n simbool van God se heerlikheid en teenwoordigheid (vgl Eks 3:2; 13:21). Reeds Johannes die Doper het voorspel dat die Messias met die Heilige Gees en vuur sal doop (Luk3:16-17), om daarmee die reinigende en bemagtigende werk van die Gees te verwoord.

Wat die spreek in tale betref, word dit meermale in die Nuwe Testament vermeld as teken van die bemagtiging deur die Gees. In die boek Handelingte kom dit naas hoofstuk 2:1-13 ook in 10:45-46 en 19:6 voor. Die interessante is egter dat daar 'n verskil is tussen die talewonder van Handelingte 2, enersyds, en 10 en 19 andersyds. In Handelingte 2 het ons klaarblyklik met bestaande en verstaanbare tale te doen, want die omstanders sê hulle hoor die gelowiges in hulle "moedertaal" en "eie tale" praat. Hoe moet ons dit verstaan? Die volgende stukkie agtergrond sal dit duidelik maak.

Sedert die dae van die Babiloniese ballingskap in die sesde eeu vC, het die Jode oor die hele destyds bewoonde wêreld versprei. Nie almal het na die ballingskap na Palestina teruggekeer nie. Hoewel hulle volledig ingeburger geraak het onder die volkewaar hulle gewoon het, het die meeste aan die lewende God getrou gebly. Sommige het hulle mettertyd weer in Jerusalem gevestig (veral teen die aand van hulle lewe), waarskynlik omdat hulle geglo het dat wanneer die Messias sy verskyningmaak, dit op die Olyfberg sal gebeur. Dit is van sulke vrome Jode dat ons in Handeling 2:5 lees.

Aangetrek deur die geluid van wind, drom hulle op die plek saam. En dan gebeur die wonder: elkeen hoor hoe die gelowiges in die tale van die volke waaronder hulle oorspronklik grootgeword het, begin praat. Hieroor is hulle uitermate verras. As inwoners van Jerusalem was hulle bekend met die gebeure rondom Jesus en herken hulle sy dissipels uit Galilea. En Galileërs kan tog nie al die tale praat nie. Vandaar hulle reaksie: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?" (Hand 2:7-8).

Dit is ook 'n vraag of ons hier met 'n spreek- of hoorwonder te doen het. Het die dissipels werklik in die vreemde tale begin *praat* (spreekwonder) of het hulle gewoon hulle eie moedertaal, Aramees, gepraat maar die hoorders het dit as hulle onderskeie moedertale *gehoor* (hoorwonder). Handeling 2:4 wil laat dink dat dit 'n *spreekwonder* was, maar 2:10 neig weer in die rigting van 'n *hoorwonder*. Uiteindelik maak dit nie regtig saak na watter kant toe 'n mens die wonder interpreteer nie, punt is dit was bekende, verstaanbare tale van destyds wat gepraat of gehoor is.

Lukas berig verder uit watter volke en streke die Jode

oorspronklik gekomhet. Dit was destyds omtrent al die nasies onder die son (kyk die kaart by Hand 2 van die 1983-Afrikaanse Vertaling). En dis presies wat Lukas wil sê: hierdie Jode verteenwoordig al daardie nasies. In hulle is die hele wêreld teenwoordig wanneer oor die groot daade van God op die Pinksterdag vertel word.

Op 'n voorlopige manier word op een dag die evangelie tot in die uithoeke van die wêreld verkondig (vgl Hand 1:8). Van nou af neem die wêreldsending 'n aanvang; wat hier op een dagvoorlopig gebeur, is profeties van wat voortaan 'n werklikheid sou word in die hele wêreld onder die geklank van God se Woord! Handeling 2 se tale wonder beklemtoon dus veral die getuieniskarakter van die Heilige Gees se werk. Verder, die Gees bring hier diverse taalgroepe byeen wat lank tevore met die spraakverwarring by die toring van Babel verstrooid geraak het oor die aarde (Gen 11:1-9). Nou kan mense mekaar weer verstaan en kan hulle verenig onder die verliggende werking van die Gees.

Teenoor die bekende tale van Handeling 2 het ons in 10:45-46 en 19:6 egter met 'n ander soort spreek in tale te doen. Hier word gepraat van "ongewone tale of klanke" waarmee God geprys en sy boodskap verkondig word. Dit wil lyk of ons hier eerder met die spreek in tale-verskynsel te doen het waarvan ook in 1 Korintiërs 12 en 14 sprake is. Dit word nie in Handeling 10 en 19 insoveel woorde gesê dat die tale onverstaanbaar is nie, maar dit wil so voorkom. In 1 Korintiërs 14:4 word egter pertinent gesê dat die tale onverstaanbaar is vir gewone mense; daarom moet daar iemand wees wat dit uitleë (1 Kor 14:13-19). Hierdie tale of tongespraak is meer gemik op die opbou van die individu as wat dit bedoel is vir die gemeente se opbou, want die gemeente kan dit nie verstaan, tensy iemand dit uitleë (14:4-5).

Hoe bring mens nou die twee soorte “spreek in tale” bymekaar “die een meer ‘n soort onverstaanbare tongespraak (ook glossolalie genoem) en die ander ‘n praat in verskillende bekende tale? Vanuit die oorspronklike Grieks is daar nie ‘n verskil in betekenis nie; albei word as spreek in ‘n(ander) tong of taal aangedui. (In Grieks is “tong” en “taal” dieselfde word “ *glossa* “.Engels behou nog hierdie verband deur van “mother tongue” te praat.) Albei is dus gawes van dieselfde Gees. Die verskil lê meer in die funksie vandie gawe. In die een geval gaan dit oor die getuienislewering van die Gees(Hand 2); in die ander gevalle gaan dit oor ‘n uiterlike teken van Geesvervulling en opbou van die individuele gelowige (Hand 10; 19; 1 Kor 12;14). Elkeen het sy plek en funksie, en dit is dieselfde Gees wat die gawes gee.

Verder moet ons ook byvoeg dat 1 Korintiërs 12 duidelik sê dat die een gawe nie teen die ander afgespeel mag word nie. Daar is nie net een gawe nie, maar ‘n verskeidenheid, en almal kom van dieselfde Gees. Daar mag dus nie ‘n wedywering onder gelowiges om die meer “skouspelagtige” gawes wees nie, soos wat blykbaar onder die Korintiërs voorgekom het. Elke gawe van die Gees is skouspelagtig, maak nie saak hoe “ordinêr” dit vir ander maglyk nie.

Prof Hermie van Zyl

Aäron

Mense in die Bybel: Aäron (1)

Wie was Aäron? Hy was die seun van Amram en Jogebed, die broer van Moses en Mirjam. Hy het met Eliseba getrou en het vier seuns gehad: Nadab, , Abihu, Eleasar en Itamar (Numeri 26:59 – 60). In 1 Kronieke 6:3 – 15 lees ons van Aäron se afstammeling.

In Eksodus 3 lees ons van God wat Hom aan Moses in die doringbos openbaar en aan hom 'n opdrag gee: *Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israëliete, uit Egipte kan bevry.* Moses maak allerhande verskonings waarom hy nie die geskikte persoon vir hierdie taak is nie. Een van Moses se verskonings was dat hy nie goed kon praat nie. God antwoord hom: *Aäron die Leviet is mos jou broer, en Ek weet hy kan sy woord goed doen. Hy is al op pad om jou te ontmoet en hy sal bly wees om jou weer te sien ... Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee* (Eksodus 4:14 – 16). Toe God vir Moses na die farao toe stuur, maak hy weer beswaar, maar God antwoord: *Ek gee aan jou gesag oor die farao, en jou broer Aäron sal jou woordvoerder wees* (Eksodus 7:1). So word Aäron Moses se spreekbuis.

Moses en Aäron is saam na die farao en het met hom oor die vrylating van die Israëliete uit Egipte onderhandel. *U het u volk soos 'n kudde gelei deur die hand van Moses en Aäron* (Psalm 77:21 – ook Psalm 105:26 en Miga 6:4). In hulle konfrontasie met die farao het Aäron se kiere 'n belangrike rol gespeel: *Vat jou kiere en gooi dit voor die farao neer dat dit 'n groot slang word* (Eksodus 7:9 – 10). Aäron moes ook met sy kiere oor al die waters van Egipte swaai en dit het bloed geword. Aäron en sy kiere speel ook 'n belangrike rol in al die plae wat Egipte getref het.

In Eksodus 12:1 praat die Here met Moses en Aäron oor die instelling van die paasfees en die tiende plaag: die dood van die eersgeborenes. Aäron, saam met Moses, het 'n belangrike rol gespeel in die bevryding van die Israeliete uit Egipte.

In Levitikus 10 lees ons van die tragiese dood van twee van Aäron se seuns. Hulle, Nadab en Abihu, het ongeoorloofde vuur gebruik om wierook aan God te offer. *'n Vuur wat van die Here af gekom het, het hulle verteer en hulle het gesterf in die teenwoordigheid van die Here.*

Die voorskrifte wat die Here aan die volk gegee het – oor onrein kos, onreinheid by mans en vrouens, die kamporde, ens – het Hy aan Moses en Aäron gegee. Ook by Sinai het Aäron 'n belangrike rol gespeel. Moses word deur die Here beveel om die berg na Hom toe op te klim: *Jy, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel* (Eksodus 24:1). In vers 10 lees ons: *Hulle het die God van Israel gesien: onder sy voete was 'n plaveisel soos saffiersteen, so blou soos die hemel self.*

Kom ons kyk na 'n paar gebeurtenisse uit die lewe van Aäron:

(1) Die volk het gedurig gekla oor Moses en Aäron. Dit was hulle skuld dat die farao sy slawedrywers opdrag gegee het om die Israelse slawe nog meer te dryf (Eksodus 5:20 – 21); dit was hulle skuld dat die volk nie genoeg gehad het om in die woestyn te eet nie (Eksodus 16:2 – 12); dit was hulle skuld dat die verkenners 'n negatiewe verslag oor Kanaän gelewer het (Numeri 14); daar was selfs 'n opstand teen Moses en Aäron (Numeri 16); dit was hulle skuld dat daar geen drinkwater was nie (Numeri 20). Soos die psalmis dit stel: *Langs die trekpad het hulle hulle in afguns teen Moses verset en teen Aäron wat aan die Here gewy was* (106:16).

(2) Tydens die oorlog teen die Amelekiete moes Moses sy arms omhoog hou om te verseker dat die Israeliete die sterkste is. Naderhand word Moses se arms moeg. Dit was Aäron en Hur wat sy hande omhoog gehou het en so die oorwinning

verseker het (Eksodus 17).

(3) Aäron het ook twee liter manna in die ark geplaas sodat dit vir die nageslag veilig bewaar kan word (Eksodus 16:33).

(4) Toe Moses en Josua teen Sinai-berg opgeklim het, bly Aäron en Hur as leiers in die kamp agter (Eksodus 24:13 – 14).

(5) Die laagtepunt in die lewe van Aäron was sekerlik die oprigting van die goue kalf (Eksodus 32). Hy laat hom deur die volk oorreed om hierdie afgodsbeeld te maak. Toe Moses hom hieroor konfronteer, pak hy al die skuld op die volk. In Stefanus se toespraak net voor sy steniging verwys hy ook na hierdie episode (Handelinge 7:40 – 41).

(6) Aäron en sy suster, Mirjam, was jaloers op Moses: *Het die Here dan net deur Moses gepraat ... en nie ook deur ons nie?* (Numeri 12). Mirjam is deur die Here gestraf – sy het melaats geword. Aäron is blykbaar nie gestraf nie.

(7) Die volk was opstandig en die Here beveel Moses om twaalf kieres, een vir elke stam, met die leiers se naam daarop, in die tent van ontmoeting te sit. Die man wat die Here uitkies se kerie sal bot. Aäron se kerie het gebot en selfs bloeisels gehad (Numeri 17).

(8) Toe die volk kla omdat hulle geen drinkwater gehad het nie, kry Moses en Aäron opdrag om Aäron se kerie te neem en met die rots te praat. Die Here sou dan water uit die rots voorsien (Numeri 20). Moses was egter ontsteld en slaan die rots twee maal met die kerie. Daarna volg die Here se oordeel: *Omdat julle My nie erken het en My, die Heilige, nie voor die Israëliete gehoorsaam was nie, sal julle hierdie volk nie inlei in die land wat Ek aan julle gee nie.*

Die dood van Aäron word in Numeri 20:22 – 29 beskryf. *Moses, Aäron en sy seun Eleasar het voor die volk Horberg uitgeklim.*

*Moses het Aäron se klere uitgetrek en vir Eleasar aangetrek ...
Aäron is daar op die top van die berg dood.*

Die een aspek van Aäron se lewe wat ek nie bespreek het nie,
was Aäron se rol as priester.

Die seënuitsprake van Jesus (25)

Die seënuitsprake van Jesus (25)

In die begin van die bergrede lees ons dat Jesus teen die berg
opgegaan het, gaan sit het en Hy het hulle geleer:

*Geseënd is dié wat geestelik arm is, want aan hulle behoort
die koninkryk van die hemele.*

Geseënd is dié mense wat treur, want hulle sal die aarde erf.

*Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde
ontvang.*

*Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid, want hulle
sal versadig word.*

*Geseënd is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid
ontvang..*

*Geseënd is dié wat suiwer van hart is, want hulle sal God
sien.*

*Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God
genoem word.*

Geseënd is die mense wat vervolg word ter wille van geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Matteus 5:3 – 10 (Nuwe Testament en Psalms , Direkte Vertaling. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (2014).

Colin S. Smith het 'n baie interessante boek geskryf oor die seënuitsprake van Jesus: *Momentum -Pursuing God's Blessings Trough the Beatitudes (2016)*. Die boek sê wat ons kan doen om die momentum in die Christelike lewe wat ons almal soek, te kan kry. Ek gaan 'n hele paar blogs aan hierdie boek spandeer.

Groot seen en groot beloning

Geseënd is die mense wat vervolg word ter wille van geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Probleemareas

Groot seën en groot belonings word dikwels in die grootste probleemareas gekry. Jesus sê dat diegene wat vervolg word se beloning sal groot wees. Hierdie belofte van seën in gevalle van spot, skinder en fisiese vervolging kry ons dwarsdeur die Bybel. Paulus praat van *om deel te hê aan sy lyding* (Filippense 3:10). Toe Sadrag, Mesag, en Abednego in die brandende oond gegooi is, was 'n engel van die Here by hulle (Daniël 3). Vanuit die tronk skryf John Bunyan: *I have never in all my life had so much of the Word of God opened up so plainly to me before ... Also, Jesus Christ was never more real to me than now; here I have seen and felt him indeed* , Hy het nooit vantevore die liefde van God ondervind en nooit meer krag ontvang as tydens die tyd van sy beproewing nie. Ons sal ook seen in die moeilikste plekke van ons lewens ondervind.

Die uitkoms: Die groot belonging in die hemel

Afgesien van die seëninge belowe God ook 'n groot beloning vir gelowiges wat ter wille van geregtigheid vervolgt word. *Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel* (Matteus 5:12). In sy genade beloon God sy kinders. *Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar* (Matteus 6:20). Dit beteken dat ons meer daar en minder hier kan hê en omgekeerd. Wat ons hier doen maak 'n verskil aan wat ons daar het.

Hiermee kom ons aan die einde van die seënuitsprake. Volgende keer gaan ons kyk na hoe ons hierdie momentum kan gebruik.